**11 Januarie** **Skrifgedeelte: Genesis 3:1-19**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:15**
**HK, Vraag 11**

## God se reg vir ons tot troos (3)

Die moederbelofte is ’n klein ligstraaltjie binne die donker beskrywing van die sondeval en sy gevolge. Sonde verbreek verhoudings. Die man verwyt sy vrou. Werk word vir die mens ’n las. Die omgewing word ondraaglik. Ons word skaam vir onsself. Die ergste is dat ons vir God wil wegkruip.

God bring die mens in ’n verhouding met Homself, met ander mense, met sy werk en sy omgewing. As ons daardie verhouding verbreek, kan ons dit nie self regmaak nie, want sonde bring vervloeking. Wat ons sondig, staan self onder die vloek. Sonde word dikwels as donkerheid beskryf. Die vloek maak jou hele lewe donker. Genesis 3 is eintlik een groot donker verhaal. So lyk ook die weergawe van Sondag 4:11. Die woorde “regverdig”, “eis”, “geregtigheid”, “sonde”, “swaarste straf” en “ewige straf” laat ’n mens alles as donker beleef. Daar is net een ligstraaltjie: “barmhartig”. In die moederbelofte maak God sy barmhartigheidsreg bekend. Hy verlos. Dit sal ’n pynlike verlossing wees, want die sonde moet gestraf word. Jesus hét die pyn beleef deurdat ons sonde op Hom gelaai is. Daarmee handhaaf God sy eisreg – volle gehoorsaamheid, tot die dood toe. God handhaaf sy strafreg – Jesus aan die kruis wat deur God vervloek is.

Hierdeur kom sy barmhartigheidsreg na vore – geen veroordeling meer vir die wat in Christus is nie. Ons enigste troos is dat ons aan Jesus Christus behoort.

*Sing: Psalm 86:8 (1936-beryming)*
*Psalm 86:4 (2001-omdigting)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*